AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# Studentesake:

## VOORLIGTING- / OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDIGE

PAARL

Akademia is ’n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2026 ’n pos vir ’n voorligting- / opvoedkundige sielkundige in die Studentesake-afdeling beskikbaar. Die pos sal in die Paarl gesetel wees.

## POSDOELSTELLING

Die doel van die pos is om akademiese en psigososiale ondersteuning aan studente, individueel asook in groepsverband, te bied. Dit sluit ook dienooreenkomstig gereelde skakeling met die relevante personeel van Studentesake, koshuisouers en akademici in.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Verleen ondersteuning aan studente (in groepsverband of individueel) rakende die akademiese en psigososiale vaardighede wat hulle op hulle studiereis benodig.
- Gebruik relevante psigometrie om die studente se akademiese, leerbenadering en psigososiale funksionering te evalueer.
- Konseptualisering en daarstelling van toepaslike individuele en groepsintervensies.
- Gebruik gepaste wetenskaplike en teoretiese raamwerke in die evaluering en terapeutiese ondersteuning van studente.
- Samewerking met ander personeel in Studentesake, veral koshuisouers, asook die akademici in die daarstel van ’n geïntegreerde ondersteuningsraamwerk en intervensie vir geïdentifiseerde studente.
- Betrokke wees by die beplanning en implementering van proaktiewe studente-welstandsprogramme en -ondersteuning.

## POSVEREISTES

- ’n Meestersgraad in Voorligtingsielkunde- / Opvoedkundige Sielkunde.
- ’n Registrasie as ’n onafhanklike praktisyn by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA/*HPCSA*).
- Opleiding en kennis van relevante psigometrie vir die evaluering van studente se akademiese uitdagings (keuse van studierigting, studiemetodes, leerprobleme, en akademiese ondersteuning deur middel van konsessieaansoeke).
- Goeie kennis van beroepsvoorligting en hoe om studente te kan adviseer met betrekking tot vak- en programkeuses.
- ’n Goeie kennis hê van die hedendaagse psigososiale uitdagings van studente en toepaslike teoretiese raamwerke wat gebruik word in die beplan en implementeer van ondersteunende en terapeutiese intervensies.

## VAARDIGHEDE

- Uitnemende administrasie-, interpersoonlike en kommunikasie- asook probleemoplossings- en analitiese vaardighede.
- Kreatiewe, organisatoriese, prioritiserings- en beplanningvaardighede.
- Deursettingsvermoë, die vermoë om onder hoë druk te funksioneer.
- Aanpasbaarheid en ’n positiewe ingesteldheid, dryfkrag, motivering en inisiatief; vermoë om onafhanklik en binne ’n span te werk.

Akademia behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. Aansoeke moet voor of op 30 September 2025 ingedien word. Stuur 'n e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.**



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.